

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
16 Januarie 1977

Onderwerp: Hoorder van Gebed

Lees: Psalm 65

Teks: Psalm 65 vers 3

Sing: Gesang 89 verse 1 en 3
Gesang 84 verse 1, 4, 6 en 7

“Die Week van Gebed is ’n seënryke instelling van ons kerk. Dit is ’n mooi gebruik om ons taak vir die nuwe jaar, in watter betrekking ’n mens ookal mag staan, as’t ware op jou knieë te begin. Derhalwe kan ons hierdie bidure nie sterk genoeg aanbeveel nie. Hier vind ons weer ’n geleentheid om ons opnuut aan die HERE en sy taak te wy.

“In hierdie aande wil ons as kerk ons arbeidsprogram en arbeidsveld aan God kom voorlê, sodat sy Heilige Gees ons mag sterk om ons Godgegewe taak ten beste te kan vervul.

“Broers en Susters, wanneer ons saamkom in gebed of wanneer ons in eensaamheid voor God kniel, is ons geneig om dadelik weg te val met alles wat ons van die HERE wil afbid. Vir baie kring die gebed net rondom hulself - vir eie belang en nood. In hierdie Psalm stel die skrywer vir ons ’n navolgingswaardige voorbeeld.

“Wanneer hy voor God kom kniel, bring hy eers aan God die lofprysing toe wat die skepsel aan sy Skepper verskuldig is: ‘Aan U kom ’n lofsang toe, o God, in Sion’. (Ps 65:2)

“Ons word ook so geleer in die Onse Vader: ‘Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word.’ (Matt 6:9, Luk 11:2)

“Dit betaam ons om hier aan die begin van die jaar eers aan God al die eer en lof toe te bring wat ons as sy kinders uit genade aan Hom verskuldig is.

“Maar die Psalmis gaan verder en in ons teks gee hy aan God ’n naam. Hy noem Hom ‘Hoorder van die gebed’. (Ps 65:3) By al die name wat die Heilige Gees aan God gee, is hierdie die wonderlikse Naam vir ons nietige mense met ons legio behoeftes. Hierdie Naam hou vir ons só baie in, want by Hom is daar ’n volheid van alles wat ons in hierdie lewe só nodig het. Broers

en Susters, Hy gee aan ons soos Een 'wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink'. (Ef 3:20)

"Volgens die Psalmis is Hy 'n Hoorder van gebed veral vir die sondaar wat vergifnis van sonde verlang. Hy skryf: 'Ongeregtige dinge het die oorhand oor my gehad, *maar* U versoen ons oortredinge.' (Ps 65:4) Is dit nie die noodklag van menige hart nie? Het ongeregtige dinge nie ook die Vader/kind verhouding wreed versteur nie? Baie mense staan verwyderd en vervreemd teenoor hulle Vader as gevolg van die ongeregtighede in hul lewens.

"In hierdie gees moet alle vlees na Hom toe kom. En terwyl ons aan die vlekkelose God die eer en heerlijkheid toebing, moet ons ook ons sondes voor Hom bely. En Broers en Susters, dit kan ons met vrymoedigheid doen: '... want Hy vergeef menigvuldiglik.' (Jes 55:7) Maar sodoende doen ons maar net wat Hy ons geleer het: '... en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe'. (Matt 6:12)

"Laat ons God só nader, terwyl ons ons eie sondes en die sondes van ons volk voor God kom bely. Hierdie vergifnis wat Hy so genadiglik wil gee, wek in ons harte 'n nuwe drang op om Hom te verheerlik en om te drink van die strowe van sy genietinge. Want, Broers en Susters, die Psalmis sê ook dat die HERE die Hoorder van gebed is vir hulle wat versadiging soek: 'Ons wil versadig word met die goeie van u huis, die heiligheid van u paleis.' (Ps 65:5)

"Die mens soek na versadiging vir sy siel wat hunker na God. Hierdie diens kan die wêreld met al sy rykdom en plesier nooit gee nie. In teendeel die wêreld versterk hierdie dors. Versadiging is alleen by God en in gemeenskap met Hom te vind.

"Die Psalmis wys daarop dat hierdie versadiging in die HERE se huis te vinde is. Sy huis is sy woonplek waar die genade, geregtigheid en die seëninge van sy verbond met ons te vinde is. Sy huis is 'n huis van gebed waar ons al ons nood kan kom kla. Sal God ons dan nie by vernuwing daartoe wek om hierdie jaar sy huis getrouer te besoek nie? Laat ons ons onderlinge byeenkomste nie nalaat soos sommige die gewoonte het nie.

"God is ten slotte Hoorder van gebed vir diegene wat tydelike seëninge nodig het.

"Broers en Susters, Hy sorg in die eerste plek vir geestelike seën, want ons is vreemdelinge hier op

aarde en moet voorberei word vir die ewige lewe wat Hy uit genade in Christus Jesus vir ons berei het.

“Maar Broers en Susters, ons is ook vir ons tydelike behoeftes van Hom afhanklik. ’n Waarheid wat deur só baie misken word, veral in tye van voorspoed. Ons moenie vergeet dat ons behoeftige wesens in hierdie lewe maar ’n nietige tentwoning is van wisselvalligheid en afhanklikheid.

“Die Psalmis skilder in hierdie gedig die almag van God oor die natuur. Die seëninge van God wat hy in die natuur aan ons wil meedeel, beskryf die digter as: ‘... die stroom van God is vol water.’ (Ps 65:10) Wat ek hier besit en bymekaar maak is genade van God aan my verleen. Hy is die besitter van alles en het ook die reg om dit van my te weerhou of weg te neem. Dit is genade wat die HERE ons uit sy volheid skenk.

“Wanneer ons voor God kom staan met ons tydelike behoeftes, moenie vergeet dat die aarde en sy volk aan God behoort nie.

“Die Apostel Petrus skryf: ‘Werp al julle bekommenis op Hom, want Hy sorg vir julle.’ (1 Petr 5:7)

“Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe - wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam - wat julle sal aantrek nie.’ (Matt 6:25)

“Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.’ (Matt 6:33)

“Ja, so wil God ons leer om opnuut te bid: ‘... gee ons vandag ons daaglikse brood’. (Matt 6:11)

“Goddank aan die begin van die nuwe jaar, kan ons gelowig opkyk na Hom, want ook vir ons wil Hy wees Hoorder van gebed.

“Daarom wil ons Hom verheerlik en saam met Dawid sê: ‘... en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.’ (Ps 23:6)

“Amen.”

Kommentaar:

Dank die HERE in jou gebed omdat Hy almagtig is. Waar sou ons gewees het as dit nie so was nie?

Dank die HERE dat Hy jou geskape het.

Dank die HERE dat Hy as Jesus Christus na die aarde gekom het om in ons plek te sterf en vir ons sondes te betaal, sodat ons kan vry gaan en leef. As Jesus Christus dit nie gedoen het nie, was ons hopeloos verlore.

Bely jou onbelyde sondes voor God en Jesus Christus en vra vergifnis vir elke een. Onbelyde sonde is 'n versperring tussen jou en God.